# H O O F S T U K III.

## POGINGS OM ONDERWYSERS EN PREDIKANTE VAN HOLLAND TE KRY.

### 1. Waarom die Trekkers op hulp van Holland moes vertrou:

(a) PREDIKANTE:

As gevolg van Somerset se behendige hantering van die geestelike swaard teen die Afrikaner, was die Kaapse kerk op pad om deur die Engelse gees geabsorbeer te word.[1] Veral in die grensgemeentes waaruit die grootste getal Trekkers gekom het, was daar Skotse predikante wat hulle moeilik kon indink in die gevoelens van die ontevredenes.[2]

Die owerheid het die Trek met wrewel aanskou en bestry. Vir die Kerk self was die Trek 'n gevoelige slag.[3] Die Sinode van 1837 het dit gevolglik sy plig ge-ag om in 'n herderlike brief teen die Trek te waarsku. Hierdie Sinode was bedroef oor die lidmate wat „ hunne haardsteden en altaren hebben verlaten (en) zonder eenen Moses en Aäron de woestyn introkken, en zonder belofte of aanwyzing thans een Canaän voor zich opzoeken."[4]

Toe Sir George Napier in „ The Government Gazette" van 4 Mei 1838, 'n verdere beroep gedoen het op „ alle publieke beampten in de geheele Kolonie, zowel als alle predikanten en leeraars en ander lieden van gezonden inzichten, om deze razerny" (die Trek) te ontmoedig, het dit nie ontbreek aan felle veroordeling nie.[5]

Die Ring/....

1. Vgl. Hoofstuk 1.
2. Dreyer, t.a.p., 10.
3. Preller: Andries Pretorius, 459.
4. Dreyer, t.a.p., 3.
5. Engelbrecht, t.a.p., 1936 uitgawe, 29
   Preller, t.a.p. 459.

Die Ring van Graaf-Reinet het selfs 'n sydelingse sensuur op die Trekkers geplaas.[1]

Ten spyte van talle smekinge en gunstige finansiële aanbiedinge, was daar dan van al die predikante in Kaapland nie een bereid om na die „verdoolde skape" te gaan nie.[2] Die nasionale dryfkrag agter die Trek wou of kon die predikante nie verstaan nie.

Maar die Trekkers het na die Kerk opgesien vir die instandhouding van hul karakter, opvoeding, sedes en nasionaliteit en sonder iemand om hulle geestelik voor te gaan, sou hulle nie die binneland intrek nie.[3]

Waar hulle geen predikante kon kry nie, sou hulle die hulp van sendelinge inroep. Retief was derhalwe genoodsaak om die agt-en-vyftigjarige Erasmus Smit, hoewel onge-orden as predikant, self te bevestig as leraar van die reisende gemeente.[4] Op 3 Januarie 1840 is Erasmus Smit opgevolg deur Daniël Lindley, sendeling van die Presbiteriaanse Kerk.[5] Minstens die eerste tien jaar na die aanvang van die Trek, is die Trekkers se godsdienstige belange dan ook behartig deur sendelinge.[6] Hierdie afwesigheid van predikante wat die Boere-ideaal kon verstaan sou veral later in die Oorvaalse gebied stremmend werk op die onderwys.

(b) ONDERWYSERS:

Kerk en skool was vir die Trekkers ten nouste verbonde, veral vanweë hul primêre doelstelling in die onderwys, nl. die voorbereiding vir die aflegging

van die/......

1. Dreyer, t.a.p., 27.
2. R 18/38.
3. Preller, t.a.p., 458.
4. Dagboek van Erasmus Smit, 20 Junie 1837.
5. Preller, t.a.p., 460.
6. Ibid.

van die geloofsbelydenis. Predikante sou dikwels skoolhou en onderwysers kerkhou.[1)]

Maar selfs op die Oosgrens, voor die aanvang van die Trek, moes die pioniers al staatmaak op hulle eie kragte en die van rondgaande onderwysers om hulle kinders „ geleerd" te kry.[2)]

Opgeleide onderwysers was skaars in die Kolonie. Somerset self het alles gesien deur die bril van sy verengelsingsbeleid. Van owerheidsweë was daar gevolglik geen belangstelling in die opleiding van onderwysers aan die Kaap nie[3)] en was daar ook nie onderwysers, behalwe die sg. huisonderwysers om die Trek te vergesel nie.[4)]

Nòg van die Kaapse regering, nòg van die Kaapse kerk kon die Trekkers dus enige hulp verwag. Trekkerleiers het alle hoop op die eie Kerk laat vaar.[5)] Boonop was hulle afgesny van alle verbinding met die buiteland en sou ook hul stamgenote in Holland slegs vae berigte ontvang van die „ landverhuizing."

Tog het enkele berigte tot in Holland deurgedring, die belangstelling geprikkel en aanleiding gegee tot georganiseerde belangstelling in en pogings tot hulp aan die Trekkers.

2. <u>Die eerste besoek van die Brazilië in 1842.</u>

Ene Jacob Swart, dosent en eksaminator aan die seevaartskool in Amsterdam, het die berigte oor die Trek getrou gevolg en in „ Het Algemeen Handelsblad" van 22 April 1840 het hy getrag om ook ander in Holland te interesseer in hul trekkende stamgenote.[6)]

Hierdie/.....

1. Dagboek van Erasmus Smit, 1 Junie 1838.
2. Van Zyl: Die Onderwysgeskiedenis van Lydenburg, 12.
3. Du Toit, t.a.p., 80.
4. Vgl. Hoofstuk II.
5. Preller, t.a.p., 462.
6. Stuart: De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek in Zuid-Afrika, 163.

Hierdie brief het die gewenste gevolg gehad. 'n Paar dae later het Jacob Swart besoek ontvang van die heer G.G.Ohrig, 'n Amsterdamse koopman van die firma Klijn & kie.[1)]

Die gevolg van hierdie samesprekinge was dat onder aanmoediging van Jacob Swart en onder leiding van G.G. Ohrig, die Brazilië onder Kaptein Reus uitgerus is om op sy reis by Port Natal aan te doen.[2)]

Met die oog op moontlike handelsbetrekkinge is die heer Jean Arnoud Smellenkamp[3)] as opperkoopman van die Brazilië aangestel.

Jacob Swart het op eie onkoste 'n kis godsdienstige boeke vir die Trekkers saamgestuur, en die Nederlandse Bybelgenootskap het 'n groot aantal Bybels gratis gestuur.[4)]

Op 26 Maart 1842 het die Brazilië in Port Natal anker gegooi. Smellenkamp het 'n „Adres aan het EdelAchtb. Bestuur van Port Natal" oorhandig. Opgestel in die keurigste handskrif op 'n groot stuk pragtige papier, met dubbelvergulde rande, het dit 'n groot indruk gemaak op die „Hollandsche Afrikanen."[5)]

Die koms/..

---

1. Engelbrecht: Geschiedenis van de Ned. Herv. Kerk in Z.A. (1920), 25.
   Lugtenburg, t.a.p., 22.
2. Stuart, t.a.p., 165.
3. Hierdie heer Smellenkamp, (hy sou in latere moeilikhede in Transvaal 'n besonde e aandeel neem en die Hollands-Afrikaanse saak en veral ook die onderwys in die beginjare veel kwaad doen,) was kantoorbediende in Amsterdam by die firma De Vos en Zoon. Later het hy 'n klein likeurstokery gehad, wat nie 'n sukses was nie. Hierna is hy na Parys om sy geluk daar te beproef. Oor die aanbod aan hom om met die Brazilië saam te gaan was hy baie opgewonde. Aan sy familie het hy voorgegee „van eene zeer aanzienlijk bestemming te hebben verkregen en op weg zijn om een groot fortuin te maken." vgl. Engelbrecht: Die Nederduitsch Hervormende Gemeente Potchefstroom, 1842-1942, 25.
4. Engelbrecht: Geskiedenis van die Nederduits Hervormende Kerk van Afrika, 1936 uitgawe, 37.
5. Stuart, t.a.p., 166.
   Lugtenburg, t.a.p., 22.

Die koms van hierdie skip was vir die Trekkers 'n verrassing wat hul stoutste verwagtings oortref het. Die Bybels en boeke is aan hulle oorhandig. Hulle blydskap het geen grense geken nie. Tot hiertoe het hulle niks behalwe moeilikheid ondervind nie en daar kom plotseling, geheel bo verwagting, bewys van simpatie uit Holland. Die Voortrekkers het hulle nog taamlik dig by Holland gevoel.[1] Baie van hulle is onder die Hollandse vlag gebore. Hulle het selfs nog daaraan gedink om hulle Republiek in Natal „Nieuw Holland" te noem.[2] Smellenkamp en Holland het skielik grootse beloftes ingehou en hulle vreugde was onbeskryflik.

Smellenkamp is met vurige geesdrif ontvang.[3] Hy was die eerste Nederlander in Natal met wie die emigrante kon praat, deur wie hulle ook verstaan sou word.

By die hawe is nie lank vertoef nie, want Smellenkamp wou na die hoofstad, na Pietermaritzburg, gaan. „ Derwaarts werd hy gebragt. Langs den weg groeide de menigte, die het rytuig waarin hy was, vergezelde, steeds aan." En hoe groei die feesvreugde aan - „ de vurige Hollandsche-Afrikaansche jongelingen misgunden de beesten hunne dierbare vragt, trokken dien over berg en dal....en met dat edel voorspan deed de heer Smellenkamp zynen intogt in den roemryke hoofplaats,"[4] wat met vlae, ereboë en blommekranse versier was.

Vir die Hollandse kantoorbediende en kantienhouer was dit te veel.[5] Van Suid-Afrikaanse sake het hy/...

1. Engelbrecht, t.a.p., (1936), 37.
2. Dagboek van Erasmus Smit, 6 Junie 1837.
3. Lubbe, t.a.p., 96.
4. Stuart, t.a.p., 166.
   Lubbe, t.a.p., 96.
5. Lugtenburg, t.a.p., 22.

het hy dadelik alles geweet en sy woord was wet. Graag wou die verdrukte mense die beskerming erlang van die Nederlandse Regering en asof hy die gevolmagtigde van die koning van die Nederlande was, het hy ooreenkomste met hulle aangegaan, „geaccepteerd in naam van den Koning der Nederlanden, onderworpen aan Zyne Majesteits formele goedkeuring."[1)]

Hy belowe hulle die beskerming van Holland. Stuart skryf hieroor in 'n voetnota: „Velen der voornaamste emigranten hebben my verzekerd dat de Heer Smellenkamp stellig beloofd had, ten spoedigste krygsmagt en ammunitie, staatslieden, predikanten en onderwyzers uit Holland zullen aanbrengen, ten einde des noodig de Engelsche magt te kunnen weerstaan en vernielen en de onafhanklikheid der nieuwe republiek te doen erkennen."[2)]

Die Natalse Volksraad het selfs 'n brief aan Koning Willem II van Nederland geskryf en die land aan hom oorgemaak![3)]

'n Reëling vir 'n gereelde handelsverbinding is getref. Die vroomgestelde adres aan die bestuur van Port Natal, vra egter aan die end, net asof dit sommer 'n alledaagse sakie is, om, teneinde „ wederzydsche belangen" te bevorder en „ ter verwydering dus eener concurrentie," voorregte wat min of meer neerkom op 'n handelsmonopolie in die gebied wat vandag die Vrystaat, Natal en Transvaal is. Dit lyk asof die godsdienstige ywer van Mnr. Jacob Swart vergesel was van 'n sterk wêreldse berekening.[4)]

Die Kerkraad/..

1. Engelbrecht, t.a.p., uitgawe 1920, 26.
2. Stuart, t.a.p., 167.
3. Engelbrecht: Die Ned.Herv.Gemeente Potchefstroom, 1842-1942, 25.
4. Bird, Annals of Natal II, 126.

Die Kerkraad van Pietermaritzburg het met Smellenkamp 'n brief d.d. 28.4.42., saamgestuur aan Jacob Swart waarin hulle hul blydskap oor sy belangstelling in hulle geestelike welvaart uitdruk en hom daarvoor bedank.[1] Hulle beskryf voorts hulle beklaenswaardige toestand as volg: ,,Veral groot is het gebrek aan de noodige Leeraars in twee bevolkte districten, die daarvan ontbloot, en dus verstoken zyn van die Zegeningen en troost, die met die regelmatige viering van den Sabbat en godsdienstig onderwys, bysonder op dien dag, altoos gepaard gaan, terwyl het zwaarmoedig vooruitzigt, voor het aankomend geslacht, zonder onderwyzers, zonder leiding, zonder voorbereiding tot die pligten, waartoe zy eenmaal door den staat geroepen zullen worden, ook algemeene neerslagtigheid veroorzaakt, terwyl de vele aanzoeken, die wy deswegens in die Kolonie aan die Kaap gedaan hebben, niet van dat gevolg zyn geweest, waarop wy als Broeders van dezelfde moederkerk hadden mogen hopen. En dan verder:

,,Wanneer wy met twee leeraars en vooreerst met twee of drie schoolmeesters kunnen begunstigd worden, zou in onze eerste meest dringende behoeften voorzien zyn; waaromtrent ofschoon onze omstandigheden niet toelaten voor de eerste twee of drie jaren, een vast inkomen te bepalen, kunnen wy egter volle verzekering geven, dat hun niets zal ontbreken."[2]

Hulle het hom ook gevra om tog aan hulle te stuur: ,,Een groote Kerkbybel met onze gewone oude kerkformulieren/...

---

1. Stuart, t.a.p., 165-168.
2. Stuart, t.a.p., 170-172.
   Engelbrecht, t.a.p., uitgawe 1936.38.
   Lugtenburg, t.a.p., 23.

kerkformulieren, en gebeden zooals in onze Hollandsche Kerken gebruikelyk.

Psalmen, gezangen en het nieuwe Testament. Oude en nieuwe Testamenten.

Enige predikatie-boeken, waaronder die van Kist, Bybelhistorie van Van der Palm, van Lier.

Schoolboeken voor eerstbeginnenden, en meer gevorderden. Schryfbehoeften, leyen, grifjes, enz."

Die Brazilië het intussen op sy verdere reis vertrek. Om Smellenkamp Holland gouer te laat bereik om hom in die geleentheid te stel om sy menigvuldige opdragte uit te voer, is aan hom die nodige reisgeld gegee sodat hy oorland na Kaapstad kon gaan.

Die heer J.N. Boshoff, die latere Vrystaatse Staatspresident, het hom tot in Graaff-Reinet vergesel.[1)]

Volgens Stuart, Bird en Lugtenburg het Smellenkamp reeds met hierdie besoek 'n onderwyser saamgebring.[2)] Hierdie onderwyser het hom egter nie by sy werk gehou nie maar as opstoker van die Boere teen die Engelse opgetree i.p.v. as skoolmeester, want toe Smellenkamp met sy volgende besoek in 1843 landing in Port Natal belet is, het hy met tevredenheid verklaar „ dat de door my daargebragte schoolmeester steeds yverig besig was, de gemoederen gaande te houden, door geschriften als andersinds."[3)]

Meer van hierdie soort werk sou deur latere Hollandse onderwysers in die Transvaal gedoen word.[4)]

Dit spreek vanself dat Smellenkamp nie die minste/.........

---

1. Stuart, t.a.p., 165-168.
2. Stuart, t.a.p., 178; Bird, t.a.p., 361; Lugtenburg, t.a.p., 24.
3. Vgl. Lugtenburg, t.a.p., 24.
4. Vgl. Hoofstuk V.

minste reg gehad het om namens die Koning van Holland te handel nie. Die Engelse regering in Londen was gebelgd, en dit het gelei tot die uitwisseling van diplomatieke notas tussen Londen en Den Haag. Die Koning van Holland wou en kon hom nie met die saak inlaat nie - dit sou slegs moeilikheid met Engeland beteken.[1]

3. Natal geannekseer deur Engeland; 1843.

Die interessante vraag ontstaan nou in hoeverre die Smellenkamp-episode die Britse politiek ten opsigte van Natal beïnvloed het.

William Cowie, 'n Britse setlaar van Port Natal, het met duistere insinuasies beskerming teen die Hollandse gevaar van die Britse Regering in naam van alle Engelse in Natal geëis.[2] Napier het vir Smellenkamp onmiddellik nadat hy (Smellenkamp) sy voet in die Kaapkolonie gesit het, laat arresteer en in Kaapstad laat ondervra. By ondersoek het aan die lig gekom dat die Hollandse ekspedisie niks met die Nederlandse Regering te doen het nie, dat dit 'n blote handelsonderneming was en dat Smellenkamp onskuldig was. Op 5 Mei 1842 het Majoor Smith se leertjie met slaande trom te Port Natal aangekom, 'n klein rukkie na die vertrek van die Brazilië.[3]

Die verdere verloop van sake is welbekend. Smith se troepemag is by Congella verslaan en die oorblyfsel daarvan beleer en byna tot oorgawe gedwing, maar is op 25 Junie deur die troepemag onder Kolonel Josias Cloete ontset.[4]

Dit het die/.......

---

1. Engelbrecht, t.a.p., 1936 uitgawe, 38.
   'n Duidelike uiteensetting van hierdie toestand word ook gegee in Krüger se „ Die Weg na die see." 68-79.
2. Krüger.t.a.p., 73.
3. Ibid.
4. Ibid., 74.

Dit het die einde van die Republiek voorspel want die Britse troepe sou die grondgebied van Natal nooit weer verlaat nie na die „belediging" die Britse wapens deur die Emigrante aangedoen.[1)]

Hierdie hele Smellenkamp-episode het een treffende feit te voorskyn gebring, nl. die houding van die Nederlandse Regering ten opsigte van sy stamgenote in Suid-Afrika. In 'n brief van die Nederlandse Minister Kattendyke, d.d. 8 Nov. 1842, aan Sir Edward Disbrowe, Britse gesant in Den Haag, het Kattendyke uit sy pad gegaan om die Emigrante in die sterkste bewoording te repudieer. Dit het die doodsvonnis beteken vir die drome van die Natalse Voortrekkers wat betref die strewe om 'n Republiek te grondves met simpatie van Holland.[2)]

Vir byna 'n jaar het die Republikeine van Natal gewag op die finale Britse besluit. In die winter van 1843 het Kommissaris H.Cloete die Britse besluit aan die Emigrante meegedeel. Natal was vir die Trekkers verlore, maar hulle was vasbeslote om die doel van die Trek te bereik, so nie in Natal nie, dan dieper in die binneland.[3)]

Die Trek oor die Drakensberge sou begin, die swaartepunt van die „ Hollandsche Afrikanen" sou verskuif na die Oorvaalse.

4. Die Tweede besoek van die Brazilië, 1843. Prop. Ham en Meester Martineau.

Die Hollandse regering was doof vir Smellenkamp se aspirasies. Die Hollandse publiek was

egter /.........

1. Krüger, t.a.p., 73.
2. Krüger, t.a.p., 76.
3. Krüger, t.a.p., 83.

egter nie so deur die politiek geknieholter nie. Die brief van die Kerkraad van Pietermaritzburg is deur Smellenkamp aan Jacob Swart oorhandig. Op laasgenoemde se inisiatief is in Holland 'n kommissie gevorm wat bestaan het uit Prof. Rooyens van Amsterdam, die leeraars W. Broes, J.J. Van Voorst en J.B.H. Bruinier, predikante van die Hervormende Gemeente van Amsterdam, en Jacob Swart self.[1)]

Hierdie kommissie het besluit om geld in te samel om 'n predikant en onderwyser te stuur en ook die nodige boeke wat die Natalse Kerkraad gevra het.

Om die materiële sy van 'n reis moontlik te maak, is deur J. Swart, A. Kooy en G. Ohrig, van die firma Klijn & Kie., 'n handelsvereniging gevorm nl. die „Maatschappy van Handel voor Oost-Afrika."[2)]

Die Brazilië is opnuut uitgerus. Smellenkamp was weer aan boord as koopman, met die opdrag om hom as verteenwoordiger van die Hollandse maatskappy in Natal te vestig.[3)] Aan boord was ook proponent P.N. Ham, sy vrou en 'n onderwyser met die van Martineau.[4)]

Proponent Ham en meester Martineau is deur die genoemde kommissie uitgestuur en van 'n goeie voorraad boeke voorsien.[5)]

Op 8 Februarie/....

---

1. Engelbrecht, t.a.p., 1, 1920 uitgawe, 27.
   Van der Merwe: Gesk. van die ontwikkeling van die Onderwys in Rustenburg 1840-1945, 25.
2. Wichman, t.a.p., 42.
   Kruger, t.a.p., 84.
3. Wichman, t.a.p., 42.
4. Engelbrecht, t.a.p., uitgawe 1920, voetnota, 27.
   In Holland was in hierdie tyd veel meer proponente as gemeentes. Ook Prop. Ham moes meer as agt jaar wag op 'n beroep. vgl. ook later Ds. Dirk v.d. Hoff.
5. Engelbrecht, t.a.p., 1920 uitgawe, 28.

Op 8 Februarie 1843 het die Brazilië Rotterdam verlaat en op 7 Mei was hulle in Port Natal. Eindelik sou die Trekkers 'n onderwyser en predikant kry, maar Majoor Smith was bevrees dat die besoek van die Hollandse ekspedisie weer die gemoedere gaande sou maak.[1)]

Ook sou die Brit, sover dit in sy mag was, alleen predikante en onderwysers onder die Voortrekkers toelaat wat die politiek van die geestelike swaard sou uitvoer om die Afrikaner in sy nasionale bestaan te kwes.[2)]

Die kaptein van die Brazilië was bereid om invoerregte op die goedere wat hy wou land te betaal. Smith het die skip laat ondersoek en hoewel hy geen kontrabande ontdek het nie, het hy alle verbinding tussen die skip en die Emigrante belet. Die kaptein van die Brazilië is gelas om onmiddellik die see te kies.[3)] 'n Spesiale vergunning om die predikant, die onderwyser en die boeke wat vir die Emigrante bestem was, aan wal te sit, is geweier.[4)]

Die Brazilië het Port Natal verlaat, na Mosambiek geseil, daarna na Madagaskar en eindelik na Delagoabaai vanwaar Smellenkamp gehoop het om met die Trekkers in aanraking te kom. Van hier het Smellenkamp 'n brief gerig aan die Natalse Volksraad, waarin hy hulle meegedeel het dat hy verhinder is om in Port Natal aan wal te stap en eers na Mosambiek is, ten einde toestemming te verkry om Delagoabaai aan te doen om vandaar met die Emigrante in

aanraking/.....

---

1. Kruger, t.a.p., 43.
2. Engelbrecht, t.a.p., 1936 uitgawe, 40.
3. Kruger, t.a.p., 84.
   Stuart, t.a.p., 175. Wichman, t.a.p., 42.
4. Preller, t.a.p., 280.

aanraking te probeer kom.[1]

Onderwyser Martineau is op hierdie laaste seereis oorlede. Op Delagoabaai is Prop. Ham en sy vrou agtergelaat en die Brazilië is voort na Batavia nadat tevergeefs verbinding gesoek is met die Emigrante in die Oorvaalse gebied.[2]

Hulle het egter nie geweet dat Prop. Ham in Delagoabaai ontskeep het nie, anders sou hulle bepaald 'n poging aangewend het om die Baai te bereik.

In Desember 1843 is 'n kommissie vanaf Potchefstroom gestuur met die doel om 'n transportpad na die Portugese hawens te vind nadat Port Natal en St. Luciabaai in die hande van die Engelse geraak het.[3] In Delagoabaai het hierdie kommissie Prop. Ham in 'n betreurenswaardige toestand aangetref. Sy vrou en haar pasgebore kindjie was reeds begrawe. Hyself was 'n slagoffer van die koors en kon nie met die kommissie saamgaan nie.[4]

In April 1844 is 'n tweede kommissie onder leiding van A.H. Potgieter na Delagoabaai gestuur.[5] Hierdie keer het hulle Smellenkamp, wat op sy terugreis uit Batavia by Delagoabaai aangedoen het, daar aangetref. Met Potgieter het Smellenkamp handelsmoontlikhede met die Voortrekkers vanuit Delagoabaai bespreek en waarskynlik het hy vir Potgieter beïnvloed om nader na die baai te trek.[6] Vermoedelik het hy ook by hierdie geleentheid die proklamasie wat die Britse jurisdiksie tot op die 25ste graad

suiderbreedte/

---

1. Kruger, t.a.p., 85.
2. Wichman, t.a.p.,42.
3. Wichman,t.a.p., 42 en voetnota oor 2de ekspedisie in 1844.
4. Ibid.
5. Ibid,42.
6. Ibid, 42. Stuart, t.a.p., 182.
   Lugtenburg,t.a.p.,30.

suiderbreedte uitgestrek het as middel gebruik om Potgieter daartoe oor te haal.[1)]

Prop. Ham het in 'n nog steeds bedenklike toestand na die Kaap vertrek. Die Trekkers sou hy nooit bereik nie. Hy het predikant geword op Willowmore,K.P.[2)]

Smellenkamp het ook aan Potgieter noukeurige instruksies nagelaat en daarna vertrek met die vaste versekering dat hy sou terugkeer en skoolmeesters en predikante sou saambring.[3)]

Die boeke wat die kommissie in Holland saam met die Brazilië gestuur het in 1843, het in Delagoabaai gebly. Eers in 1852 het die Transvalers dit ontvang en is dit verkoop om die bedrag aan die afsenders oor te maak. Die boeke is dus blykbaar nie gratis gestuur nie.[4)]

5. <u>Die koms van die Animo en H.T. Bührman 1848.</u>

In Junie 1845 het die verhuising na die Oostelike Transvaal begin. Andries Ohrigstad is gestig.[5)] Selfs vir Smellenkamp is daar 'n huis gebou,[6)] maar die Boere sou lank wag op hulle weldoener.

Op 17 Oktober 1844 het die Volksraad reeds uit Potchefstroom aan Smellenkamp in Holland geskryf en hom gevra om sy beloftes uit te voer.[7)] Hulle was

nou bereid/....

---

1. Bird, t.a.p., 56 en 114.
   Wichman, t.a.p., 43.
   Vir verdere besonderhede oor hierdie aangeleentheid sien Hoofstuk VI.
2. Engelbrecht,t.a.p., 40.
   Potgieter en Theunissen, t.a.p., 138.
3. Vgl. Brief van J.J.Burger aan J.A.Smellenkamp.
   Engelbrecht, t.a.p., I, uitgawe 1920, bylae II.
4. Stuart, t.a.p., 173.
   C.Spoelstra: Het Kerkelyk en Godsdienstig leven der Boeren van den Groote Trek,141
5. Wichman,t.a.p.,63.
6. Kruger,t.a.p., 90.
7. Lauts: „De Kaapsche Landverhuizers," 134-135.

nou bereid om 'n salaris van 2000 riksdalers te betaal aan 'n predikant met die belofte om dit so spoedig moontlik te verhoog. Ook sou die reiskoste vanaf Holland gewaarborg word.[1)]

Maar na die mislukking van sy eerste tog was Smellenkamp tot geen hulp in staat nie, hoewel hy alle kragte ingespan het om invloedryke en vermoënde Hollanders daartoe te beweeg om vir die derde keer 'n skip na die Ooskus van Afrika te stuur. Hulle was egter ontmoedig deur die afloop van die vorige twee ondernemings en was moeilik te beweeg om weer iets te doen om hulle stamgenote in Suid-Afrika te hulp te kom. Op 21 Julie 1846 het hy hom tot Prof. Ulrich Lauts, die bekende voorstander van die Emigrante se saak in Nederland, gewend, en hom daarop gewys dat die maatskappy wat die heer Ohrig in 1842 opgerig het, nou ontbind is nieteenstaande hy, (Smellenkamp) deur sy langdurige verblyf aan die Ooskus van Afrika daarin geslaag het om reëlings te tref waardeur 'n handels- en sedelike verkeer met die Emigrante tot stand gebring kon word.[2)]

Eindelik is Smellenkamp na Portugal om daar te probeer tot stand bring wat in Holland nie moontlik geblyk het nie. Vandaar skryf hy vol optimisme aan die Emigrante dat ,,Hollandsche predikanten en schoolmeesters aan UEd. opgezonden zullen worden zooveel als er benodigd zyn."[3)]

In Portugal kon Smellenkamp geen vordering maak nie weens die uitbreek van 'n burgeroorlog.

Terug in/........

1. Engelbrecht, t.a.p., 1, 36.
2. Engelbrecht, t.a.p., 36 - 37.
3. Lugtenburg, t.a.p., 31.

Terug in Nederland, het hy hom onvermoeid beywer om die belangstelling in die lotgevalle van die Emigrante gaande te maak.[1)]

In 1847 het in Leiden die werkie van Prof. Ulrich Lauts verskyn, nl. „ De Kaapsche Landverhuizers of Neerlands afstammelingen in Zuid-Afrika," waarin hy waardevolle inligting oor die Voortrekkers verskaf en 'n warm pleidooi lewer vir geestelike en morele hulp aan hulle. „ Men aarzele dan niet langer in Nederland om hun godsdiensleraars, en bekwamen schoolonderwÿzers toe te zenden.

Predikanten van de Hervormende Godsdiensbelÿdenis, ooreenkomstig de leerstukken der Dordsche Synode zÿn het, waaraan zÿ behoefte hebben. Zendt men niet zelfs allerwege Zendelingen, boden des heils, over de geheele aarde, - hoe vaak aan heidenen die er geenzins dankbaar voor zÿn; - en zoude men geene godsdiensleeraren zenden, zoude geene zieleherders genegen zÿn te gaan, naar die Christenen, naar die stamgenoten, die, uit Afrika's woestÿnen, sedert eenige jaren, hunne broederen in Christus en broederen naar den vlees toeroepen! Zal die stemme, nog langer te vergeefsch zich laten hooren!

Behalwe aan Predikanten en Schoolonderwÿzers hebben zÿ behoeften aan Artsen, Wondheelers en aan velerlei bedrÿven welke in eenen beschaafde Maatschappy onmisbaar zÿn."[2)]

Danksy die entoesiasme van Prof. Lauts en die rustelose ywer van Smellenkamp het daar nog in 1847/.......

---

1. Kruger, t.a.p., 107.
2. Lauts: De Kaapsche Landverhuizers, 32.

1847 in Amsterdam 'n nuwe onderneming tot stand gekom, nl. die „Hollandsche Maatschappy voor Handel en Redery," waarvan die vernaamste vennote die here A. Hoogendyk, J.C. Kregt en P. v.Gyn was.[1] 'n Nuwe ekspedisie is uitgerus, hoofsaaklik as 'n ondersoekingsreis, ten einde presies vas te stel wat die toestand van die Emigrante was. Dit is bedoel om die weg te open „om eene geregelde handels- en zedelyke gemeenschap met het ander Vaderland te kunnen onderhouden."[2] Die gevolg was die sending van 'n skip vir die derde keer, nl. die Animo met 'n lading geskikte handelsartikels.[3]

Smellenkamp was weer opperkoopman. Hy het net een passasier saamgebring, nl. 27 jarige Hendrik Bührman,[4] 'n Amsterdamse kantoorbediende „wier de passage-gelden door deze Maatschappy werden voorgeschoten, en een party boeken en papier ter verkoop voor rekening van dezelve."[5] Bührman sou hom as onderwyser en handelsagent onder die Emigrante vestig.[6]

Op 18 Febr. 1848 het die Animo Hellevoet uitgeseil. Nadat hulle weke lank te Maassluis seilree gelê het, wagtende op 'n gunstige wind, was hulle in Julie in Delagoabaai.[7]

Die Emigrante is deur Smellenkamp, waarskynlik deur 'n/......

---

1. Kruger, t.a.p., 107.
2. VR. 43/48, Voortrekkerargiefstukke, 301.
3. Kruger, t.a.p., 108.
   Engelbrecht, t.a.p., uitgawe 1936, 59.
4. Van Duitse afkoms, geb. 21 Maart 1822 te Amsterdam.
5. Vgl. Lugtenburg, t.a.p., 32.
6. Engelbrecht, t.a.p., uitgawe 1920, deel I, 36.
   Preller, t.a.p., 390.
7. Kruger, t.a.p., 108.

deur 'n renbode van sy koms verwittig,[1] om handelsartikels gevra en Potgieter en Burger ontbied om vrede te maak. Maar Potgieter het reeds die noodlottige Ohrigstad verlaat, na Soutpansberg getrek en Schoemansdal gestig.[2]

Heelparty mense het dit baai toe gewaag, maar 'n paar is dood en sowat al die osse is verloor en die wat hulle doel bereik het, was teleurgesteld met die minderwaardige goedere en hoë pryse.[3]

Aan die Emigrante het Smellenkamp weer 'n brief van sy Maatskappy oorhandig. Die antwoord van die Volksraad hierop d.d. Ohrigstad, 27 Julie 1848, is baie belangrik.[4] Hulle kla dat hulle hul as gevolg van Smellenkamp se raad in 'n tweede woestyn bevind en skryf verder dat hulle „ geene opofferinge of gevaren te groot rekende, vertrouwende op onze Hollandsche vrienden, die zich ongevraagd en zoo zy versekerde, alleen uit belangstelling, zonder eigenbelang alle opofferingen zoude laten getroosten indien ze maar het genoegen smaken mag, dat het Edele doel der Emigranten bereikt kon worden." Hulle is mislei en „ verregaande bedroogen, reeds drie jaren zonder eenig bestaan van handel, ontbloot van den openbare Godsdienst, onze kinderen ongedoopt, onze jongelingen en jonge Dochteren niet ingelyfd als leden van Godskerk, dus in eene allerbeklagenswaardigen staat latende; wy moeten ophou-den, want

alles/.......

---

1. Kruger, t.a.p., 108.
2. Vgl. Hoofstuk VI.
3. Stuart, t.a.p., 192.
   Lugtenburg, t.a.p., 32.
4. Engelbrecht, t.a.p., uitgawe 1920, deel I, Bylae VII.

alles optehalen, zoude te lang duren."

Hierdie brief was baie duidelik gerig aan die Rederymaatskappy in Vlaardingen, maar Smellenkamp het dit oopgemaak en self op 5 Augustus 1848 as volg daarop geantwoord:

„Ik heb tevens het genoegen, UEd. te kunnen melden dat ik er nog in geslaagd ben, den Heer Bührman zich dadelyk by UEd. te kunnen doen verblyven, om die betrekking van Schoolmeester by UEd. te vervullen, zullen wy ons hoe moeilik ook, ons het gemis van een predikant voor het tegenwoordige moeten getroosten."[1]

Bührman het begin September 1848 te Ohrigstad aangekom. Hy het sy „recommandaties" aan die Raad voorgelê en is geskik bevind om skool te hou.

Waar hierdie sg. „recommandaties" vandaan gekom gekom het, bly 'n duistere saak - hier was 'n skoolmeester vanaf Holland wat nie behoorlik Hollands geken het nie en 'n swak handskrif gehad het![2]

Twee vrae is pertinent aan hom gestel, naamlik of hy as skoolmeester by die Emigrante geplaas wou word, en indien wel, of dit aan hulle bekend gemaak kon word. Sy antwoorde was bevestigend.[3] Hy is toe geplaas by Potgieter op Zoutpansberg.[4]

Vroeg in Augustus het die Animo na Holland teruggekeer. Die derde ekspedisie was weer 'n mislukking, want die pryse van die Hollandse Handelsware was te hoog, die Emigrante was nie in staat om die skip behoorlik te bevrag nie en geldelike verliese sou dan ook nie uitbly nie.[5] Die

Maatskappy/....

---

1. Engelbrecht, t.a.p., uitgawe 1920, Bylae VIII.
2. Vgl. Lugtenburg, t.a.p., 33.
3. Vgl. Van Zyl: Die onderwysersgeskiedenis van Lydenburg en Distrik voor 1900, 20.
4. Stuart, t.a.p., 193. Van Zyl, t.a.p., 20.
5. Kruger, t.a.p., 109.

Maatskappy het die onderneming laat vaar.

Smellenkamp het egter groot volhardingsvermoë openbaar want in Holland was hy spoedig weer met nuwe moed aan die gang om mense oor te haal om 'n nuwe handelsekspedisie na S.A. te stuur.[1]

Die behoeftes van die Trekkers was nog dieselfde as wat dit met die aanvang van die Trek was. „ Een leeraar is die voornaamste behoefte omtrent onze zedelÿke aangeleentheden, goede onderwyzers voor de jeugd zyn even noodzakelÿk."[2]

6. <u>Die koms van die Vasco da Gama met Spruyt, van der Linden en Poen, 1851</u>.

Vir sy vierde en laaste poging het Smellenkamp weer die kragdadige steun van Prof. Lauts gehad. Met groot moeite het 'n aantal Hollanders van wie met eer die name van J.C.J. Kregt, J. Pynappel, M. Weimar ten Cate, die gebroeders Heemskerk en Prof. Lauts genoem kan word, daarin geslaag om in 1850 'n Maatskappy te vorm.[3]

Vol van sy gewone optimisme, skryf Smellenkamp in Junie 1850 uit Amsterdam dat hy „ tegen het einde van Febr. of het begin Maart a.s. te Delagoabaai hoopt te zÿn en wel op zoodanige wyse dat alle uwe belangens en billÿke wenschen verwezenlÿkt zullen worden, want een predikant, schoolmeesters, en eene massa van door UEd. benodigde goederen zullen u dan geworden."[4]

Nadat hierdie nuwe maatskappy tevergeefs 'n skip probeer/...

---

1. Lugtenburg, t.a.p., 35.
2. Ibid.
3. Kruger, t.a.p., 120.
4. VR 218/50

skip probeer huur het, is die Vasco da Gama gekoop. Die skip is bevrag met geskikte handelsware vir die Emigrante. Met drie onderwysers en 'n sekere Jacob Middel, asook Smellenkamp aan boord, het die Vasco da Gama in die begin van Desember 1850 uit Tescel vertrek.[1]

Ongelukkig is die vaartuig deur teenwinde sodanig vertraag dat dit eers op 1 Maart 1851 in Lissabon aangekom het. Ook daar is oponthoud veroorsaak daar die skip eers genaturaliseer moes word.[2]

Die drie onderwysers aan boord die Vasco da Gama was:[3] Hendrik van der Linden, gebore 28 Julie 1835, onderwyser van die derde rang, werksaam te Ter Aar, Nederland; en Jan Willem Spruyt, gebore 26 Julie 1826, onderwyser van die derde rang, werksaam te Uithoorn, Nederland.

Hierdie twee onderwysers is uitgestuur deur Prof. Lauts, terwyl die derde nl. Willem Poen, vroeër onderwyser te Wieringerwaard, Holland,[4] op rekening gekom het van die kommissie in Nederland wat sewe jaar gelede ook vir Ds. Ham en onderwyser Martineau gestuur het.

Die Reders verklaar in 'n begeleidende brief dat hulle nog geen predikant kan stuur nie as gevolg van die stadigheid van die Sinode.[5]

Die Reders en ook Prof. Lauts het egter aanbeveel dat die onderwysers godsdiensoefeninge moes hou. Was die sieketrooster vroeër dus ex officio onderwyser/...

---

1. Kruger, t.a.p., 120.
2. Ibid.
3. Lugtenburg, t.a.p., 36.
4. Engelbrecht, t.a.p., 56.
5. Lugtenburg, t.a.p., 36.

onderwyser, nou was die onderwyser ex officio verplig om die plaaslike godsdiensoefening waar te neem en voorsanger te wees.[1]

Lauts beskou hierdie onderwysers pas as 'n begin van die hulp uit Nederland en vra breedvoerige informasie omtrent die aantal onderwysers wat gebruik kan word, maar beduie tewens dat van die Trekkers se kant ook moeite gedoen moet word.[2] Hy het van der Linden en Spruyt beide beloof dat hulle hoof van 'n skool sou word en het die Volksraad dringend versoek om sodanige reëlings te tref.[3]

Hy het ook gevoel dat daar wel nog geen onderwyswetgewing sou bestaan nie, daarom beveel hy aan dat die twee onderwysers behulpsaam moet wees by die opstel van 'n „ voorlopige verordening voor de scholen." Prof. Lauts beveel ook aan dat die skole van die twee meesters elk met slegs 10 of 12 leerlinge moet begin „ om deze aan schoolorde en tucht te gewennen." Prof. Lauts moes dus 'n taamlike ongunstige idee van die Trekkerkinders gehad het.[4]

Sy idee was ook dat van die beste leerlinge kwekeling-onderwysers moes word, om sodoende gaandeweg die land in sy eie behoefte te laat voorsien.[5]

Onder die meesters aan boord die Vasco da Gama was daar geen eensgesindheid nie. Daar was dadelik verskil tussen van der Linden en Spruyt, deur bemiddeling van Lauts uitgestuur, aan die een kant, en Poen, deur die kommissie uitgestuur, aan die ander kant/........

---

1. Lugtenburg, t.a.p. 36.
2. Ibid.
3. Ibid.
4. Ibid., 37.
5. Lugtenburg, t.a.p., 37.

kant. Poen se reisgelde is deur die kommissie betaal, terwyl die ander twee dit later moes terugbetaal. Van der Linden en Spruyt was nagenoeg van dieselfde ouderdom nl. 26 en 25 jaar, terwyl Poen 39 was.[1]

Poen het die erns van die lewe besef en ook geweet dat hy geroep sou word om as godsdienshouer op te tree; daarom het hy hom op reis al toegelê op 'n studie van die Bybel en die maak van preke.[2]

Vir Spruyt was Poen pedant en 'n halwe gek. Van van der Linden skryf Spruyt: „ een waarachtig vriend van my zal hy niet worden want hy is wat winderig en houdt van bluffen."[3]

Hierdie tweedrag was ongelukkig vir die latere ontwikkeling van die onderwys in Transvaal. Hulle sou as drie eenlinge in die nuwe, moeilike werkkring optree.

Uit Smellenkamp se vorige briewe het die Volksraad afgelei dat hy vroeg in die winter in Delagoabaai sou wees. Voorbereiding is getref om die pad daarheen in orde te bring en op 15 Mei het 'n kommissie bestaande uit 29 man en 11 waens na die baai vertrek om die koms van die skip af te wag. Dit was egter 'n droewige mislukking, want 'n onverwagte siekte het die trekosse getref met die gevolg dat 100 daarvan dood is.[4]

Nadat hulle weke lank tevergeefs gewag het, het die kommissie op 25 Julie moedeloos teruggedraai.[5]

Op 29 Julie/..........

---

1. Lugtenburg, t.a.p., 37.
2. Ibid.
3. Ibid.
4. Kruger, t.a.p., 120.
5. Ibid.

Op 29 Julie 1851 het die Vasco da Gama egter in Delagoabaai aangekom en het die eerste werklike onderwysers voet aan wal gesit.[1] Hulle was haastig om die „Emigranten Broederen" te ontmoet. Drie boere het opgedaag met 'n berig dat daar 'n kommissie aankom waarby ook die heer Bührman, om die onderwysers te haal.

Na drie dae het die drie burgers, vergesel van die drie meesters, vertrek. Aan die Lebomboberge moes hulle egter twee weke wag voor die kommissie opgedaag het. „Schoten vielen menigvuldiglik," en die ontmoeting was treffend.[2]

Die tog na Lydenburg, waar die drie meesters voorlopig sou bly, is dadelik aanvaar.

7. Die aanbod van De Holl en andere, 1850.

Hoofsaaklik toe te skryf aan die boekie van Prof Lauts en ook aan die pers, was die belangstelling in Suid-Afrika by die Nederlanders aan toeneem. Met die Vasco da Gama het P. De Holl, Jnr. 'n brief, d.d. 9 Desember 1850, aan die Volksraad geskryf.[3] Hy was hoof van 'n skool in Amsterdam, maar het ook belanggestel in die Emigrante, veral ook omdat die „veelvuldige concurrentie in die onderwyzersstand" die vooruitsigte daar ongunstig gemaak het.

Hy het aangebied om na die Transvaal te kom om met behulp van een of twee helpers, 'n algemene volkskool op te rig en ook 'n vormingskool vir onderwysers „Welke kweekelingen ik het liefst

willen/.....

1. 'n Volledige beskrywing hiervan en wat daarna gevolg het, vind ons in 'n brief d.d. Potchefstroom 7 Oktober 1853, van Van der Linden aan Prof. Lauts. Opgeneem as bylae XXXIV in Engelbrecht: „De Geschiedenis der Ned.Herv.Kerk in Afr. Deel I.
2. Ibid.
3. Lugtenburg, t.a.p.,37.

willen kiezen uit uwe meestbelovende jongelingen, die daartoe lust en aanleg hadden, om zoo den grondslag te leggen van een geregeld school-onderwys in de Kolonie."[1])

De Holl het die materiële kant nie uit die oog verloor nie en het sekere voorwaardes gestel nl.: vrye oortog, pensioen, weduweepensioen, ens.[2]) 'n Vriend van hom, 'n boekhandelaar en drukker sou saamkom. Laasgenoemde het gevra om vir 'n termyn van 25 jaar die enigste drukker in die Republiek te mag wees.[3])

Hierdie aanbiedinge was belowend maar die tyd vooruit. Die onderwysorganisasie en beheer in die Republiek was op hierdie stadium nul en die Volksraad se antwoord, d.d. 17 Nov. 1851, soos opgestel deur Bührman, C.Potgieter en G.C.Schoeman, was sodanig dat die here van die plan afgesien het.[4])

Selfs met die drie onderwysers wat reeds ge- arriveer het, sou die Volksraad tot 'n mate oorhoop sit.

8. Die koms van Ds. Van der Hoff. (1853)

Na veel moeite het die Trekkervriend in Holland, Prof. Ulrich Lauts, daarin geslaag om 'n predikant te vind wat bereid was om na die Emigrante te kom.

Op 2 September 1852 het die 38-jarige Ds. Dirk van der Hoff en sy vrou uit Holland vertrek en op 21 April 1853 in Port Natal aangekom. Daar het die seuns van Gen. Andries Pretorius die predikant per ossewa gaan haal en op 27 Mei het

hulle/.....

1. Lugtenburg, t.a.p., 37.
2. Ibid.
3. Ibid.
4. Notule van Volksraad van Rep. Lydenburg 17 November 1851, art. 8.

hulle op Potchefstroom aangekom.[1]

Sestien jaar gelede het die Trekkers die Kaapkolonie verlaat en nou eers is hulle hartewens vervul. Hul dankbaarheid spreek uit die bedanking wat op 13 Aug. 1853 namens die Volksraad aan Prof. Lauts geskryf is:

„ Aan uwe zorg toch hebben wy het te danken dat er eenige onderwyzers der jeugd uit Holland tot ons gekomen en met vrucht onder ons werkzaam zyn. Met lof vermelden wy vooral de Heeren Van der Linden, Spruyt en Poen. Doch niet alleen zyt gy bedacht geweest, waarde Heer, om voor de godsdienstige en verstandelyk opleiding onzer jeugd te zorgen, maar bovenal hebt gy in den laatsten tyd voor onzen geheelen maatschappelyken en godsdienstigen toestand op zulk eene wyse gezorgd, dat wy geen woorden genoeg vinden om onzen dank aan u te betuigen. Gy hebt ons herderloozen van eene herder voorzien. De Eerwaarde Heer D. van der Hoff, door uwe bemiddeling uit Holland tot ons overgekomen, bereikte met vrouw en kind in welstand het land onzen inwoning in het laatst van Mei dezes jaars."[2]

---

1. Preller, t.a.p., 464.
   Engelbrecht: Die Ned. Herv. Gemeente Potchefstroom (1842-1942), 43.
2. Engelbrecht, t.a.p., bylae XXXIII.